# Suiderstrand-Vereniging

## Notule van die komiteevergadering van 24 Februarie 2025

**1. Opening**

Die voorsitter het die teenwoordiges verwelkom.

**2. Bywoning en komiteeveranderinge**

2.1 *Teenwoordig*
Danie Schutte (Voorsitter)
Derik Duvenhage (Uittredende sekretaris)
Matilda Bester (Bemarking en kommunikasie; assistent-sekretaris)
Gawie du Toit (Ondervoorsitter)
Willem Nel (Tesourier)

2.2 *Veranderinge*
Willem Nel aanvaar die pos van tesourier.

2.3 A*pologie*
Gerrit Posthumus (Brandbestrydingsbeampte)
Tina du Plessis (Brandvoorkomingsbeampte)
Geoff Nichols (Bewaring)
Johan Pienaar (Sekretaris)
Louis Lourens (Uittredende tesourier)

**3. Notule van die vergadering van 3 Februarie 2025**

Eenparig goedgekeur.

**4. Brandvoorkoming en veiligheid**

4.1 *Brandwaentjie*

4.1.1 *Brandwaentjie.* Daar is nog steeds geen permanente tuiste vir die brandwaentjie nie. Daar is genoem dat daar moontlik ’n plek op munisipale eiendom opgerig kan word, bv. by die watersuiweringsaanleg, of by die ablusieblok op die parkeerterrein, of by die Rasper-substasie in Rasperlaan. Hierdie opsies sal deur die munisipaliteit goedgekeur, beplan, gefinansier en gebou moet word.

Daar is ook genoem dat BlueBay se grondwet bepaal dat iets soos 600 L water deurlopend beskikbaar moet wees vir vroegtydige optrede teen brand. Die brandwaentjie, met sowat 1 000 L in sy tenk, sal hierdie vereiste nakom. Gerrit het by ’n vroeër vergadering genoem dat die hut in BlueBay wat as ’n moontlike staanplek vir die brandwaentjie voorgestel is, nie geskik is nie, onder andere omdat dit te klein is. Maar hierdie opsie, met moontlike aanpassings aan die gebou, kan in heroorweging geneem word in die lig van BlueBay en die Vereniging se ooreenstemmende behoeftes. — Tina, Gerrit

4.1.2 *Spoedwalle/dreineringslote.* Verdere spoedwalle in Seemansweg en Kampstraat word verlang. ’n Vergadering van die betrokke Suiderstrand-inwoners met dr. Eksteen (wyksraadslid) en mnr. Wasserman (munisipaliteit) is voorgestel. — Danie

4.2 *Gemeenskapsmark*. Anita het uit die komitee bedank en reël ook nie meer die mark nie. Die mark gaan nietemin voort.

4.3 *Finansies*. Willem neem oor as tesourier.

4.4 *Lidmaatskap*. Dit was deel van Anita se portefeulje. Niks nuuts nie.

4.5 *Kommunikasie en bemarking*.

4.5.1 *Inligtingsborde*. Die voorlopige resultate van die meningspeiling oor die inligtingsborde (per epos en via die WhatsApp-groepe *Praatsaam* en *SS Frends*) was dusver in die algemeen positief. Suiderstranders het nog tot 4 Maart 2025 kans om te stem, en daar sal dan gevolgtekkings gemaak kan word oor die algemene gevoel hieroor.

4.5.2 *Verwelkomingspakket vir nuwe intrekkers*. Die inhoud moet gefinaliseer word. Danie het onderneem om hieraan aandag te gee. Matilda het 'n brief wat die pakket sal vergesel, en Gawie moet die brief redigeer. — Danie, Matilda, Gawie

4.5.3 *Die vereniging se epos-adres*. Komiteelede is daarop gewys dat alle eksterne kommunikasie via die vereniging se epos-adres moet geskied: suiderstrand.association@gmail.com.

4.6 *Bewaring (Geoff)*

4.6.1 *Omgewingsbestuurplan*. Duur voort.

4.6.1 *Skoonmaak van strand*. Matilda het genoem dat die entoesiasme vir strand skoonmaak gekwyn het, en dat daar nog skaars vrywilligers is. Danie het versoek dat sy nietemin probeer om dit weer aan die gang te kry. — Matilda

4.7 *Facebook-blad*. Die blad is aktief, en Matilda hou dit by en plaas gereeld nuwe materiaal.

## 5. Eksterne kommunikasie

Niks nuuts nie.

## 6. Verdere sake

6.1 *Inligtingsborde*. Sien 4.5.1 hierbo.

6.2 *Wie kan stem?* Schalk van der Merwe het 'n navraag aan die komitee gerig oor wie gemagtig is om te stem. Danie het daarop geantwoord.

> Beste Schalk,
>
> Dankie vir jou brief. Dit is sake wat aandag moet kry.
>
> Wat die lidmaatskap betref is die grondwet duidelik: "Enige eienaar/huurder van grond in SS. Kan 'n lid word".
>
> Dit beteken dat ook mede-eienaars lede kan word. 'n Trust of Maatskappy kry egter net een stem omdat dit 'n enkele regspersoon is.
>
> Ek kan onthou dat ons hieroor gepraat het toe ons die grondwet opgestel het. Ek dink ons wou 'n persoon of entiteit tot 2 stemme beperk, as ek reg is. Maar ons het dit toe nie verder geneem nie. Ek is oop vir voorstelle om die grondwet ten opsigte hiervan te wysig.
>
> Wat die verval van lidmaatskap betref, swyg die grondwet. Maar dit moet aanvaar word dat 'n lid lidmaatskapgeld betaal vir n finansiele jaar wat eindig einde van Augustus. Die lid moet egter billike kennis kry dat as hy/sy nie voor 'n sekere datum betaal nie, sal sy lidmaatskap verval. Daardie kennis moet ook billik wees vir lede wat redelik laat in die finansiële jaar lede geword het. (Bv. lede wat in Junie of Julie aangesluit het vir die finansiële jaar wat einde Augustus sluit. Ek dink wat ons moet oorweeg is om lede wat nog nie hulle ledegeld betaal het nie, by begin April kennis te gee dat as hulle nie voor einde Julie betaal nie, sal hulle lidmaatskap gekanselleer word.
>
> Ek hoor graag van jou oor altwee hierdie sake.
>
> Groete,
> Danie.

6.3 *Betaling van ledegeld*. Die vereniging se finansiële jaar strek van 1 September tot 31 Augustus van die volgende jaar. Daar is ooreengekom dat daar aan lede wat na ses maande (d.w.s. teen einde Februarie) nog agterstallig is met hulle ledegeld, 'n kennisgewing uitgestuur sal word wat hulle daarop attent maak, en versoek dat hulle betaal. — Willem, Johan

6.4 Danie het voorgestel dat daar vir die brandwaentjie-vrywilligers T-hemde gedruk word. Die betrokke mense sal geraadpleeg word oor die besluit en, indien hulle instem, oor die ontwerp. — Danie

## 7. Volgende vergadering

3 April 2025 om 16h00.

Notule voorberei deur Gawie du Toit (waarnemend) op . . . . . . . . . . . . . . . . . . Geteken: . . . . . . . . . . . . . . . .

Notule bevestig deur die voorsitter, Danie Schutte op . . . . . . . . . . . . . . . . . . . Geteken: . . . . . . . . . . . . . . . .